e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

18 Augustus 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 27

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Vyf leuens wat leiers glo

Elkeen wat al navorsing gedoen het oor leierskap, weet hoe omvangryk die betrokke studieveld geword het. Oor kerklike leierskap word daar die laaste klompie dekades toenemend geskryf.

Dikwels raak jy so verstrengel in al die teorieë, modelle en riglyne vir goeie leierskap dat jy skoon verdwaal voel. Dit is seker daarom dat Perry Noble se blog, die vyf leuens wat leiers glo, dadelik die oog vang. Elke leuen se teenpool bied uitstekende riglyne vir geestelike leierskap.

1. *God maak my bewus van 'n situasie sodat ek daaroor kan bid.* Die gevaar bestaan dat geestelike leiers gebed as verskoning kan gebruik om niks aan só 'n situasie te doen nie. Die teendeel is eerder dat God my juis bewus maak sodat ek iets daaraan sal begin doen. Wanneer jy bid oor 'n situasie waarvan jy bewus geword het, beteken dit meestal dat jy naas gebed ook gelei word om daarvan werk te maak.

2. *Ek behoort al die antwoorde te hê.* Die leier wat dit glo, sal baie spanning ervaar omdat trots die grootste oorsaak van hierdie leuen is. Die waarheid is dat leiers dikwels nie antwoorde gereed het nie, wat weer tot die volgende leuen lei…

3. *Ek kan nie ander om hulp nader nie omdat ek dan as swakkeling beskou sal word.* Die teendeel is eerder waar. Om jou eie kop te volg en gedurig foute te maak, laat jou juis soos 'n swakkeling lyk. Vra raad en hulp van diegene wat die Here doelbewus in jou lewe voorsien. Hulle sal jou meer respekteer en ook meer gewillig meewerk aan besluite waarin hulle insae gehad het.

4. *Ek kan nie afskaal nie.* Predikante kan so besig raak met die bediening dat hulle nie meer tyd het om *met God te wandel* nie. Of soos 'n mens dikwels in die kerklike wandelgange hoor: *Jy is so besig met die dinge van die Here dat jy nie meer by die Here van die dinge uitkom nie.* Daarmee saam die belangrikheid van rus. Die Bybel verwys na diegene wat nie wil werk nie as lui, maar baie dienaars van God is te besig om 'n rusdag in te ruim – dit is niks anders as ongehoorsaamheid nie. Behalwe om tyd te skep om met God te wandel, sal predikante moet leer om 'n rusdag elke week te beplan en in stand te hou.

5. *Hoe langer ek dit doen, hoe makliker word dit.* Hoe meer ervaring ek as leier het, hoe minder lê ek snags wakker, hoe minder my twyfel en onsekerheid, hoe minder my worsteling, en hoe makliker sal ek besluite kan neem. Dit is 'n leuen. Feit is, ons leef in snelveranderende tye, en leiers behoort hul siening oor leierskap en persoonlike style gedurig te toets en soos nodig aan te pas. Hierdie aanpasbare leierskap laat jou nederig en maak jou afhanklikheid van God net soveel groter.

Dit is waarskynlik 'n groot stuk onsekerheid by leiers wat onderliggend aan al vyf hierdie leuens lê, en dit lei tot passiwiteit, valse trots, isolasie, werkverslawing en oordrewe voortvarendheid. Die oplossing is eerder te vind in die tyd wat die geestelike leier met God deurbring, ook in 'n meer gebalanseerde lewe wat rus en ontspanning insluit, en om raad en hulp te vra van diegene wat God op jou pad stuur.

Dr André Ungerer

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat ’n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na Standerton

Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg** beskik oor ’n **vakante volsorgstandplaas**. Predikante met die vermoë om met alle mense, ook kinders, te werk, wat sensitief en vol liefde is, en wat graag wil inskakel by die gemeente, kan aansoek doen. Stuur ’n volledige CV **voor of op 25 Augustus 2011** aan die skriba van die gemeente by **nhksasolburg1@absamail.co.za**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Mev Frieda van Wyk**, vrou van dr Daan van Wyk (sr), het op Dinsdag 16 Augustus ’n operasie in die Wilgers-hospitaal ondergaan. Ons bid haar spoedige en volkome herstel toe.

- **Dr Willie Strydom** van die kombinasie Eikenhof/Johannesburg-Suid het op 24 Mei tydens ’n seremonie by Unisa die graad DDiac (Spelterapie) ontvang. Die titel van sy proefskrif is *Pastoraat aan getraumatiseerde kinders in die Intensiewesorgeenheid. ’n Gestalt-benadering.* Dr Strydom was gedurende Julie in Kanada waar hy opleiding gekry het by Rainbows. Dit is ’n internasionale organisasie wat spesialiseer in die ontwikkeling en aanbieding van programme vir kinders wat verlies soos dood en egskeiding ervaar. Hy is daar aangestel as die Nasionale Direkteur van Rainbows in Suid-Afrika. Suid-Afrika is nou die 18de land in die wêreld waar die programme beskikbaar is. Gemeentes kan hom gerus by 011 943 1272, 082 881 8068 of **wstrydom@icon.co.za** kontak vir ’n aanbieding. Baie geluk aan dr Strydom met sy prestasies.

- Dictum Uitgewers het aangekondig dat **prof Johan Buitendag**, dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, uit honderde nominasies as een van 25 finaliste gekies is vir die toekenning van ***Baas van die Jaar***. Sy persoonlike assistent, Carla Aucamp, het hom genomineer.

- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Augustus**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 18 Augustus: Dr Gafie van Wyk (Kaapstad)
  - Vrydag 19 Augustus: Di Berend Greyling (Bethlehem/Reitz), Hennie la Grange (Christelike Seemansorganisasie Londen), John Putter (Drie Riviere), Tharina Steenkamp (Potchefstroom) en dr Christo Viljoen (emeritus)
  - Saterdag 20 Augustus: Ds Marike van der Merwe (beroepafwagtend)
  - Sondag 21 Augustus: Ds Werner Mans (Turffontein)
  - Maandag 22 Augustus: Ds William Harmse (Alberton-Wes)
  - Woensdag 24 Augustus: Prof Piet van der Merwe (emeritus)
  - Donderdag 25 Augustus: Ds Johannes Barnard (beroepafwagtend)
  - Vrydag 26 Augustus: Di Chris le Roux (Stellenbosch/Worcester) en Joseph Steÿn (Postmasburg/Upington)

- Die **bediening in Zimbabwe** gaan voort nadat ds Werner Olivier die beroep na Eendracht aanvaar het. Op grond van ’n reëling met Gemeente Ottosdal doen **ds Theuns Botha** vir ongeveer 10 dae per maand diens in Zimbabwe – een Sondag in Harare en een Sondag in Bulawayo waar al die Afrikaanse kerke besig is om saam te smelt, soos dit ook in Zambië werk. Die gemeente behoort teen die einde van die jaar ’n standplaas te wees. Eerskomende Sondag preek ds Botha in Bulawayo, dan vlieg hy terug om Sondag of Maandag siekebesoek te doen by lidmate van Harare en Ottosdal wat in Johannesburgse hospitale is. Daar word beplan om ’n Facebook-blad oop te maak vir die gemeentes in Zimbabwe.

- **46ste Nasionale NHSV Kongres.** ’n Vriendelike versoek word gerig aan takke wat nog nie reageer het op die oproep na die Kongres nie en nog nie geloofsbriewe ingestuur het nie om dit so spoedig moontlik na die NHSV kantoor te pos. Navrae kan aan die NHSV kantoor by 012 325 0117 gerig word.

- **Hoof: Hervormde Teologiese Kollege.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat gesetel is by die Universiteit van Pretoria.

  Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:
  - o 'n Senior, geordende predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - o 'n Gepromoveerde in die Teologie, verkieslik in die Praktiese Teologie, omdat 'n groot deel van die praktykvorming op die terrein van die Praktiese Teologie lê.
  - o Iemand met gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings wat by die studente vertroue inboesem en wat met ander kollegas in 'n veelkerklike Fakulteit goeie verhoudings kan bou.
  - o Iemand wat deur selfstudie en navorsing op die hoogte is en kan deelneem aan die huidige teologiese diskoers.
  - o Die kandidaat sal ook lesings moet aanbied vir studente, asook ander kursusse soos en wanneer nodig.
  - o Rekenaarvaardig, veral in MS Office.

  Die pos bied die volgende voordele:
  - o Mededingende salaris met die Kerk se traktementskale as riglyn.
  - o Ruim verlof.
  - o Maatskappymotor of motortoelaag.

  Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u 'n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **Landwye Bybelvasvra.** 9-11 September tydens kamp by Kwaggasrus naby Beestekraal. Koste vir hele kamp R160 en vir dagbesoekers (slegs Vasvra op Saterdagoggend) R50 per persoon. **Deposito's** van R300 per span **voor of op 26 Augustus** en **volledige betaling voor of op 2 September** aan: Raad van Finansies; ABSA; rekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; verwysing 16RVGS. Bewys van betaling MOET gestuur word aan: Sarie Roux, faksnommer 086 633 2913, e-pos **kassier@nhk.co.za**. Vir enige verdere inligting, kontak ds Stephen de Beer by 083 781 2955; ds Marna Naudé by 078 639 1278; ds Willem Dykema by 082 560 4772; of ds Marius Bacon by 083 297 6135.

- **Bejaardesorg – fisieke probleme van bejaardes.** Vir lank was ouetehuise met versorging vir verswaktes die oplossing vir die probleem. Die groei in lewensverwagting veroorsaak dat bejaardes langer in die tehuise woon en dat potensiële nuwe intrekkers soveel langer moet wag om toegang tot dié versorging te kry. Ons sal dus maniere moet vind om bejaardes met fisieke probleme langer self te versorg. Kinders doen hierdie versorging dikwels, maar dis nie altyd moontlik nie. Om fisieke versorging in te koop (byvoorbeeld deur 'n verpleegkundige daarvoor te betaal), is dikwels nie finansieel haalbaar nie. Hoe ouer mense word, hoe groter word die probleem. Ons as kerk sal saam moet dink hoe om kinders en diensgroepe of omgeegroepe te help en toe te rus daarvoor.

  Die **AGB (Aksiegroep vir Bejaardes)** is gestig om te werk aan hulpmiddels en riglyne vir individue en gemeentes in die versorging van bejaardes. Kan jy help? Kontak ons met inligting, hulpmiddels of vrae. Die voorsitter van die komitee, dr Hennie van Deventer, is bereid om by gemeentes en ringe te kom help. Kontak hom by **htvd@worldonline.co.za** of 082 786 8448 om eredienste te lei en gemeentes of ringe toe te spreek oor die enorme uitdaging wat bejaardesorg in die toekoms aan ons gaan stel.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- ’n Ruim **enkelwoonstel** is onmiddellik beskikbaar binne stapafstand van die Universiteit van Pretoria. Die woonstel is geleë op die kerkterrein van **Gemeente Philadelphia** en word verhuur teen R3 500 per maand (water en ligte ingesluit). Daar is veilige parkering vir ’n motor. Skakel Esmé Bolton by die gemeentelike kerkkantoor (012 362 7237) of dr Sanrie de Beer (083 226 1866) vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **blyplek in Eloffsdal**, Pretoria: Huis Eloff (alle ouderdomme). Ruim nuut uitgeverfde kamers met gesamentlike badkamer in gang teen R1 500 per maand vir enkeling. Ingesluit: water en ligte, parkering, gesamentlike kombuis. Naby Mayville Mall en Eugene Marais-hospitaal. Kontak Johan Erickson (jr) by 082 212 2137.

WOONSTELLE BY UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
Twee woonstelle te koop
Stapafstand vanaf die Universiteit van Pretoria, kerke en winkelsentrums
Ten volle toegerus met yskas, wasmasjien, stoof, mikrogolfoond, ens
Eie parkeerplek agter sekuriteitsheining met 24-uur-sekuriteit
Skakel Johan de Beer by 082 923 0877

Toere

- **26 tot 30 September: 2011 *Konteks*-toer na Laeveld**
  Onder leiding van **dr Hennie van Deventer**
  Skakel dr Van Deventer (toerleier) by 082 786 8448
  of Marius Wiese (toergids) by 082 374 2995

Konserte tot einde September 2011

- **Saterdag 20 Augustus: NHSV Leeudoringstad: Oggendtee**
  09:00
  Kerksaal
  R150 per persoon
  Kom verdwaal in Hansie en Grietjie se bos en luister na Mathys Roets
  Kontak Elsa by 082 971 4092 of **elsajvr@suidwes.co.za**

- **Vrydag 26 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord: Jaarlikse Musiekfees**
  19:00
  Klipkerk, hv Kruger-en Presidentstraat, Krugersdorp
  Uitvoerende orrelis Ockie Vermeulen bied aan: Karoo Katedraal
  Tydens KKNK 2010 opgevoer
  Ook met Lizelle le Roux (viool), Christi-Louise Swanepoel (bas),
  JP van Schalkwyk (perkussie) en die F# koor van Attie Rossouw
  Al die verskillende musiekstyle, van klassiek, jazz tot rock, op die orrel!
  Program duur maksimum 1½ uur
  Afsluiting met samesang
  Toegang R50
  Navrae aan ds Johan of Marita Fourie, 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Vrydag 9 September: Gemeente Wonderboompoort: Buitelugkonsert**
  Die Campbells, Jeanette van Staden (jodel), Robbie Klay en Ollie die Nar
  By Laerskool Boerefort, Wonderboom-Suid
  Op rugbyveld – bring eie stoel
  R60 (kleuters onder 6 gratis)
  Hekke open 16:00
  Voorkunstenaars tree op tot 19:00, wanneer Die Campbells begin
  Kos te koop, veilige parkering
  Vir meer inligting en kaartjies, kontak Sieg Schwarzer
  by 083 288 2779 of 012 335 4181
  of Magda Vermaak by 012 335 1129 of 082 550 2975
  Skole, kerke en ander instansies wat help kaartjies verkoop,
  kry 20% van die verkope!

Sportbyeenkomste tot einde Augustus 2011

- **Dinsdag 30 Augustus: Gemeente Verwoerdburg: Gholfdag**
  Diensbane
  4-bal-alliansie teen R1 200
  Opbrengs vir liefdadigheid
  Kontak Gerda by 072 600 5387 vir inskrywingsvorms

Ander kompetisies en fondsinsamelings tot September 2011

- **Gemeente Volksrust: Aandenkings van 150-jaar-feesviering**
  Gedenkalbum R200
  Dasse R125
  Voorskote R50
  Kontak ds Pul Buitendag by 082 853 8900

- **Gemeente Koster: Mosambiekse Vakansiekompetisie**
  1ste prys: ’n Vakansie van 1 week by Tofo in Mosambiek – vervoer, alle etes en diepseehengel vir 4 persone ingesluit
  2de prys: 1 week selfreis en selfsorg by Witsand in die Kaap
  Kaartjie R50 (koop 10 en kry 1 gratis)
  Sluitingsdatum 31 Augustus
  Kontak Koos Vorster by 082 403 2518

- **Gemeente Noordelike Pretoria: 4de Biltongaand: Saterdag 10 September**
  18:30 vir 19:00
  NG gemeente Wonderboom-Suid, 12de Laan 920, Wonderboom-Suid
  GPS S 25˚41´57.8˝ en O 28˚12´20.6˝
  Rudi van Niekerk en plaaslike kunstenaars
  R100 volwassenes en R50 kinders onder 12
  Kontak Sarel Viljoen by 083 554 3397 of Marian Jordaan by 082 937 7562
  Bespreking voor 3 September noodsaaklik – geen kaartjies by deur beskikbaar

Basaars en markte tot Oktober 2011

- **Vrydag 26 Augustus: Gemeente Bethal: Basaar**
  Vanaf 16:00
  Kerkterrein in Vermootenstraat (Tsibitso Sibanyoni-straat)
  Gebak, vleis, vermaak
  Spesiale afdeling net vir kinders
  Kontak Rina Prinsloo by 082 507 0700

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Outydse basaar met pannekoek, poeding, ens
  Vir fietsryers: afstande van 5, 10 en 30 km teerpad
  Vir kleinspan: skopfietswedren
  Karolus en Lente vermaak oud en jonk

Toegang gratis
Neem deel aan Oesfeeskompetisie teen R20 –
kontak Adri Botha by 082 403 5051 of **arbotha.adri@gmail.com**
Week vakansie vir 6, Wii (rekenaarspeletjie) en slagskaap te wen

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Premiermyn (Cullinan)**
  OPPI-STASIE WARM WINTERFEES
  By Cullinan-stasie, oorkant Cullinan-polisiestasie
  09:00 tot 15:00
  Alles waaraan jy kan dink of kan verslind
  Soek jy waarde vir inflasiegeld?
  Kom koop eetgoed, smulgoed, tot 'n haakspeld
  Vir stalletjiebespreking, kontak Alta by 082 682 1252
  of Annetjie by 082 921 8200
  E-pos: **nhkpm@absamail.co.za**

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit: Geskenkemark**
  Bespreek stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R150 (R180 indien 'n kragpunt benodig word)
  Kontak Alta Bester by 082 936 5289

- **Saterdag 27 Augustus: Gemeente Mafeking: Basaar**
  Tema *Kamma-kamma-fees*
  Kerkterrein in Nelson Mandelaweg
  Lichvaal Stereo se buiteuitsendingeenheid saai uit vanaf basaar
  en sorg vir musiek en vermaak
  R50 per inskrywing vir groot pryse soos R10 000 kontant
  Navrae aan Adriaan Redelinghuys by **adriaanred@yahoo.com**
  of 082 789 1523

- **Vrydag 2 en Saterdag 3 September: Gemeente Messina: Limpopofees**
  Vrydag vanaf 16:00: Pretdraf / pretstap
  Alle ouderdomme, baie pryse
  Potjiekos, hamburgers, worsbroodjies en koeldrank te koop
  Saterdag vanaf 08:00: Stalletjies, verskeidenheid smulgoed,
  speletjies en tombola
  Vleis en biltong teen laer as slaghuispryse, groente en vrugte
  Trompoppies van die laerskool, Mej Limpopo met 3 kategorieë
  Miss Petite 3-6 jaar, Mej Junior Limpopo 7-13, Senior Mej Limpopo 14-18
  Inskrywingsvorms by Noena Oosthuizen 084 452 0321
  Luister hoe sing legendariese oom Willie Agenbacht en sy groot vriend!
  Kontak ds Eddie Eckard by 082 958 9095, Johan Taute by 079 209 6236,
  of gemeentelike kerkkantoor by 015 534 2756 of 083 720 4127

- **Vrydag 2 en Saterdag 3 September: Gemeente Tzaneen: Lentekarnaval**
  Kerkterrein in Agathastraat
  Baie eetgoed en verskeidenheid stalletjies
  Vrydag: Vanaf 12:00
  Gaskunstenaar 18:00 Will Jordan, Countrysanger
  Toegang gratis, aandete beskikbaar (wild, afval, ens)
  Saterdag: Ontbyt, trompoppies, aanwys van Mej/Mev Lentefees, kompetisies, vermaak en baie kos
  Kontak ds Richard van der Westhuizen by 072 1447 514
  of Emmarentia Buitendag by 015 307 4508, 083 438 2230
  of **nhkerktzn@mweb.co.za**

- **Saterdag 3 September: Gemeente Hartebeestpoort: Basaar**
  08:30 terrein in Brits oorkant stadsaal
  Tema *Boereplesier*
  Gaskunstenaars Bosveld Stereo en Omroepers
  Skaapkoppe, tonne vleis en groente, allerlei lekkernye te koop
  Boerekaperjolle
  Veiling en kompetisies
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 012 252 4315

- **Saterdag 3 September: Gemeente Sasolburg-Suid: Vendusie en Minibasaar**
  09:00
  Groblerstraat (langs Coney Island)
  Groot verskeidenheid goedere (muureenhede, TV's, hoëtroustelle, verwarmers...)
  Eetgoed te kies en te keur
  Skakel 016 973 2147

- **Saterdag 3 September: Gemeente Witfontein: 8ste Delwersfees**
  hv Stasie- en Deetlefsstraat, Pretoria-Noord
  Vermaak vir hele gesin
  Pryse beloop R73 000
  R35 000 kontant, 1ste prys R15 000
  Diamante ter waarde van R38 000
  Vlugbalkompetisie: Jeuggroepe kan wegloop met R1 000 prysgeld
  Delwerssertifikate teen R20 beskikbaar by al die myners (lidmate) van Witfontein
  Besoek **www.witfontein.co.za**, kliek op delwerssertifikate en koop sertifikate elektronies
  Sien meer by **http://www.youtube.com/watch?v=87sYHRwu-Vo**
  of soek op **www.youtube** Witfontein Delwersfees 2011
  Kontak At van Rooyen (mynkaptein) by 083 228 9095
  of **arthur.vanrooyen@gmail.com**

- **Saterdag 3 September: Gemeente Koster: Koster-karnaval**
  Skool se sportgronde
  Uitstallings, baie eetgoed, verskeie sportsoorte
  Bespreek stalletjie vir die dag
  Koste per stalletjie R300
  Wiele – uitstalling van GWM
  Veiling van Persiese Matte en Boplaas-wyne
  Skakel Harry Smit by 082 807 9208

- **Saterdag 10 September: Gemeente Meyerspark: Basaar**
  Kerkterrein Havelockstraat 15, Wilgerpark
  Potjieskoskompetisie met groot pryse
  Kuns- en handwerk te koop, witolifantstalletjie en tombola
  Baie eetgoed, springkasteel vir die kleintjies, gladiator-glybaan vir groter kinders
  Veilige parkering
  Kom stal u kuns- of handwerk uit – bespreek tafel binne saal vir R250
  en R150 vir buite
  Skakel Marie by 012 803 7528 of 071 889 2175

- **Saterdag 24 en Sondag 25 September: Gemeente Heilbron**
  Karnaval- en Nagmaalnaweek
  Val saam met gemeente se 100-jaar-viering
  Verskeie ander projekte ook, meer besonderhede later
  Uitnodigings sal aan eregaste gestuur word
  Kontak ds Herman Gothan by 058 853 1174, 082 773 4740 of **hfg@risp.co.za**

- **Vrydag 30 September tot Sondag 2 Oktober: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer MTB Classic
  Doornrivier, 9 km op Gaberone-pad R49
  Vrydag Oktober-Bierfees
  Saterdag kwadfiets- en pypkar-wedrenne, kompetisies, vermaak en kos
  Akkommodasie beskikbaar
  Navrae aan ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **barendob@gmail.com**
  of Joe Salim by 079 857 2478 of **jmsplanning@gmail.com**

ANDER NUUS

- **ADMINISTRATEUR.** Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wag aansoeke in vir die pos van Administrateur vir diensaanvaarding met ingang van 1 Januarie 2012.
  Die geskikte kandidaat sal ten minste aan die volgende vereistes voldoen:
  - Bekend wees met die etos van die Kerk.
  - Beskik oor 'n bewese bestuursrekord.
  - Beskik oor gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings.

- Beskik oor ’n akademiese kwalifikasie op hoë vlak in bestuur, administrasie en finansies, of ’n gelykwaardige kwalifikasie.
- Verdere akademiese kwalifikasies kan ’n aanbeveling wees.
- Rekenaarvaardig wees, veral in MS Office.

Die pos behels die bestuur van die Sinodale Kantoor van die Kerk en skakeling met die gemeentes en ringe van die Kerk sowel as met eksterne persone en liggame, byvoorbeeld die Bybelgenootskap en universiteite. Daarby dien die Administrateur in verskeie van die rade van die diensorgane van die Kerk, en dit vereis dat die kandidaat ook soms uitstedig sal wees.

Die pos bied die volgende voordele:
- Mededingende salaris.
- Ruim verlof.
- Maatskappymotor of motortoelaag.

Indien u meen dat u die geskikte kandidaat vir die pos is, kan u ’n verkorte CV **voor of op 19 Augustus 2011** stuur aan Piet Beukes by e-pos **piet@nhk.co.za** of faks 086 630 5150.

- **STEINWAY D-274.** Die Konservatorium van die Nederduitsch Hervormde Kerk beskik oor ’n Steinway Model D-274 **konsert-vleuelklavier** – reeksnommer 332969 – en bied dit **te koop** aan. Die vleuelklavier kan besigtig word by die Sinodale Kerkkantoor te Dirk van Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Besigtiging moet asseblief per afspraak met mnr Piet Beukes by 012 322 8885 of per e-pos by **piet@nhk.co.za** gereël word. Tenders moet gerig word aan mnr Piet Beukes, Posbus 2368, Pretoria 0001 of **piet@nhk.co.za**. Sluitingsdatum 15 September 2011.

- **DPS-STELSEL. Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Potchefstroom.** Datum van diensaanvaarding gedurende Desember 2011 maar verkieslik nie later nie as 1 Januarie 2012. **Aansoeke sluit op 16 September 2011.**

  Vereistes: Getroude egpaar; verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud; lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk; goeie gesondheid; aanvoeling vir kinders.
  Vergoeding: Suksesvolle ouers sal benewens ’n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning binne die DPS-huis ontvang.
  Vir meer inligting, kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Willem Kok by 018 294 4187 of 083 664 0058.

- **Die Ondersteuningsraad** bied vanjaar weer vir ’n week tydens die September-skoolvakansie hul **kamp vir ongeveer 80 hulpbehoewende kinders** aan. Maatskaplike werkers van die Raad behartig terapeutiese groepsessies, en studente van Gemeente Philadelphia help met rekreasie en sportaktiwiteite. Fondse word benodig vir die kampterrein, vervoer, drie etes per dag, materiaal vir die rekreasie en sportaktiwiteite, ensovoorts. Die **berekende koste beloop R800 per kind** vir die hele week. **Persone wat graag ’n kind of twee wil borg,** kan met Suzanne van Deventer van die Ondersteuningsraad se Pretoria-kantoor by 012 325 2320 in verbinding tree.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik oor die volgende **vakatures**:
  - Programbestuurder; mimimum 6 jaar statutêre ervaring in maatskaplike werk; vorige bestuurservaring sal ’n aanwins wees; area Rustenburg/Potchefstroom/Klerksdorp
  - Maatskaplike Werkers (x3); areas Tarlton, Krugersdorp en Brakpan
  - Maatskaplike Hulpwerker; area Krugersdorp

  Vereistes: Registrasie by Raad vir Maatskaplike Diensberoepe; Kode 8-bestuurslisensie. Kontak Mariaan Steenkamp by **mariaans@nhk.co.za** of Charmaine Fourie by **oraadpb@nhk.co.za**, 012 322 8885 x313 of 071 684 7796.

- **Die Ondersteuningsraad** soek dringend na **goedversorgde tweedehandse voertuie** van ongeveer R50 000. Die kilometerlesing moet verkieslik nie meer as 100 000 wees nie. Lidmate wat bewus is van beskikbare voertuie kan Mariaan Steenkamp skakel by 012 322 8885. Slegs voertuie in die omgewing van Pretoria sal oorweeg kan word.

- Op **Vrydag 19 Augustus** bereik vanjaar se viering van die **400ste bestaansjaar van die King James Bybel** ’n hoogtepunt met ’n *Songs of Praise*-geleentheid in die Jesus Dome in Durban. ’n Massakoor onder leiding van Richard Cock tree op en Christoper Cockburn skuif voor die orrel in. Almal is welkom! Toegang is gratis, maar jy benodig ’n kaartjie. Kontak Letitia Timms van die Bybelhuis in Durban by 031 207 4933 of **timms@biblesociety.co.za**.

- Kom stap op **Saterdag 20 Augustus** op die Durbanse strandfront saam met honderde ander dankbare Christene ter viering van die 400ste bestaansjaar van die King James Bybel. Vir meer inligting, kontak Letitia Timms by 031 207 4933 of **timms@biblesociety.co.za**.

- **Laaste kans om ou manuskripte te sien.** Die Book of Books-uitstalling vorm deel van vanjaar se 400ste herdenking

van die King James Bybel en kan tans by die **Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Kaapstad** besigtig word. Op **31 Augustus** het besoekers die geleentheid om vir oulaas **27 waardevolle geïllumineerde manuskripte** wat aan die Nasionale Biblioteek behoort, te besigtig. Hierdie handgeskrewe versameling sluit die vier Evangelies in Latyn, wat tussen die jare 875 en 900 gekopieer is, in. Hierdie Latynse manuskrip is na alle waarskynlikheid die oudste in Suider-Afrika. Die Book of Books-uitstalling is tot aan die einde van 2011 van 09:00 tot 16:00 op weeksdae, behalwe Woensdae wanneer deure eers om 10:00 open, oop vir besigtiging. Toegang is gratis.

- Die Bybelgenootskap het in 2008 'n **Bybel vir Dowes** in Afrikaans bekendgestel. Daar is pas begin met die vertaling van 'n **Engelse Bybel vir Dowes** (EBD) vir Suid-Afrika en die res van Afrika waar Engels gebruik word. Op Sondag 14 Augustus 2011, tydens die oggenddiens in die De la Bat-gemeente, Bellville, is die vertalingsprojek amptelik aan die dowe gemeenskap bekendgestel. Die projekleier en eksegeet vir die EBD-vertalingsprojek is dr Rocco Hough, 'n kenner op die gebied van Dowe taalgebruik. **Prof Bart Oberholzer** sal as brontaalkenner dien en mnr Christopher Mongezi Galada, 'n dowe persoon, sal as vertaler meewerk. 'n Engelse taalkundige sal ook by die projek betrek word, asook 'n aantal dowes in Suid-Afrika en Afrika wat as lesers die verstaanbaarheid van die vertaling sal toets.

- **Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap**
  van die Nederduitsch Hervormde Kerk
  Datum: Woensdag 24 Augustus vanaf 09:00 (ledevergadering 11:45)
  Plek: Gemeente Pretoria
  Tema: *Die Kerk en politieke verantwoordelikheid: Perspektiewe uit die tradisie*
  Sprekers: Prof Danie Goosen en dr Hennie Botes

  Navrae: Dr Christo Pretorius (**praetorc@telkomsa.net**, 083 651 9634 of 012 547 0292) of dr Malan Storm (**nhmeyerspark@lantic.net**, 012 803 7528 of 083 308 1030)

- **Vrydag 2 September: Loslitdag**
  Maak **R10-donasie** deur 'n **plakker te koop** en op dié dag te dra
  Wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede
  Besoek **www.loslitdag.co.za**
  of kontak Arina Jooste, Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO), by 012 320 7644

- Die **volgende vergaderings** vind tot 26 Augustus plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

o	Vrydag 19 Augustus:	Moderamen; Finkom van die Ondersteuningsraad
o	Saterdag 20 Augustus:	Kommissie van die ADV
o	Maandag 22 Augustus:	Beleggingskomitee
o	Donderdag 25 Augustus:	Werkwinkel van die Ondersteuningsraad; Direksie van Ons Tuis
o	Vrydag 26 Augustus:	Raad van Finansies

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R114 per plasing. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

SENTIK-publikasies

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Frikkie Labuschagne
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx